Publication: Rapport (Bloemfontein), Weekliks
Date: 05 Mar 2017
Page: 4

# Stories kan ons bymekaar bring

**Kom ons leer by die lewensverhale van bruin mense op die platteland, vra Leslie van Rooi.**



Ek bevind my onlangs in 'n kerkdiens op die platteland – my tuisdorp, my hartswêreld. En soos vantevore was dit 'n besonderse ervaring. Ek sit saam met mense voor wie ek grootgeword het, vriende met wie ek op skool was. My onderwysers, my ouers se vriende, my familie. My mense.

Dit is die kerk van my ouma en oupa. Die kerk wat hulle help bou het, waar hulle hul eie bank gehad het, waar hulle hul kinders laat doop het, en waar hulle uiteindelik ook begrawe is.

Dit is ook die kerk waar my ouma se laaste huishoudster aanbid en waar dié se man in die kerkraad dien. Toe ek my eie samelewingsbewustheid ontwikkel, was dit vir my fassinerend-wonderlik dat my ouma en haar huishoudster saam kon aanbid. Later jare op Stellenbosch het ek as student ontdek dat dit ook hier so was, toe ek skoonmaakpersoneel in my koshuis ook leer ken het as kerkraadslede in die Cloetesville-kerk.

My ouma se huishoudster, Rien, is inderdaad ook vandag in die kerk. Sy sit in dieselfde bank as ons en haar man in die kerkraadsbanke. Hoewel ek nou baie ouer is, groet sy my steeds as die asmatiese seuntjie na wie sy soms moes help omsien, omdat ek nie op dié dag skool toe kon gaan nie. Dit is 'n wonderlike ervaring om so gegroet te word. Dan word jy gou losgeruk uit 'n sosiale klaservaring waar jy nie gesien word as die dominee wat soms in die gemeente preek nie, maar as daardie seun van sewe wat glad nie kla dat hy 'n dag "af kon kry" om saam met ouma en Rien te wees nie.

Soos Rien en haar man, en ek en my pa sien almal in die diens hulself as gereformeerd. Elkeen het natuurlik 'n ander verstaan van wat dit nou eintlik is. Almal is lede van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) in Suider-Afrika. Almal is bruin (as 'n mens werklik hierdie kultuurgroepering as 'n enkele groep kan sien) en almal is Afrikaans. Dalk selfs meer Afrikaans as die kerk in Drostdystraat waar ek deesdae meestal eredienste bywoon.

Die preekstyl ken ek goed. Die liedere laat klop my hart warm – byna so warm soos 'n somersaand op Upington. Die ervaringe, die gedagtes, die banke, die preekstoel, die manier van sing, alles hier laat dink my aan die vele debatte, gesprekke oor taal, kultuur en identiteit in ons land.

Dit het my ook laat dink oor wat die toekoms van hierdie spesifieke gemeenskap inhou. Wat is die toekoms van bruin Afrikaanssprekendes van die platteland? My gedagtes dwaal oor verslae en boeke van wyle Erika Theron, en Hermann Giliomee se vreemde verbintenis met en respek vir die bruin gemeenskap (veral van Stellenbosch), soos hy ons weer herinner in sy outobiografie. En na prof. Richard van der Ross se navorsing oor die politieke geskiedenis van die bevolkingsgroep waarmee ek myself meestal assosieer. En natuurlik dink ek ook aan die pas uitgereikte boek waar bruin stemme hulle laat hoor: *Ons kom van vêr* onder redaksie van Wannie Carstens en Michael le Cordeur.

Dan dink ek ook aan die statistieke:

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission